Dr Piet en Carlien Fanoy

Piet en Carlien Fanoy het die voorreg gehad om die Here saam met Ontdekkersgemeente te dien vanaf 1995 tot 2010. Voor die dienstyd was hulle in diens van die kombinasie Dordrecht, Jamestown en Molteno en sedert 2010 in Windhoek. Piet het sy studie in 1983 voltooi en daarna sy Th.M verwerf in sy dienstyd by Ontdekkers en sy Ph.D in 2011. Hy en Carlien is in 1981 getroud en uit die huwelik is drie kinders gebore: Jacques (getroud met Marlein), Carla en Stephan. Piet se studies, wat oor fasette van gemeentebou handel, onderstreep ook sy passie vir gemeentebou. Daarby geniet Piet prediking en om goeie kontak met mense op te bou.

Ds Human en Solette Coetsee

Ds Human en Solette Coetsee is sedert Maart 2008 by ons Gemeente. Ds Human het in 1992 sy studies voltooi en ontvang sy eerste beroep na Delarey (nou Bergbron) aan die einde van daardie jaar. Daar ontmoet hy vir Solette wat as Optometris kwalifiseer. Hulle trou in September 1997. In 1998 aanvaar hulle 'n beroep na die Gereformeerde Kerk Durban-Noord en dit is hulle tuiste vir die volgende 10 jaar. Terwyl hulle in Durban was, word Wilco in April 2006 gebore. Ds Human het 'n groot passie vir pastorale bediening en bejaardes.